**Nyirongo, L 1997 – The Gods of Africa or the God of the Bible? The snares of African traditional religion in Biblical perspective**

Potchefstroom: PU vir CHO

**Pastoor E Mahlangu (Universiteit van Pretoria)**

In hierdie publikasie artikuleer Nyirongo, sy sienings en oortuigings oor Tradisionele Afrika-godsdienste (TAG) en Bybelse Christenskap baie sterk. Sy basiese oogmerk is om die TAG en, wat hy noem die Bybelse perspektief, te vergelyk. Die outeur se vertrekpunt is dat die enigste manier om God te ken is om die metodes wat God gekies het om Godself aan die mens bekend te stel, te verstaan. God het nie mense oorgelaat om God by wyse van "trial and error" te leer ken nie, maar handel met hulle in 'n konkrete en spesifieke manier. Nyirongo is van mening dat die pre-Christelike Afrikaan in kennis en aanbidding van God verlore was. Vanweë God se genade het God nooit Afrika aan sigself oorgelaat nie. God het slegs een middelaar aangestel om die mens met God te versoen. Volgens Nyirongo, is hierdie middelaar Jesus Christus, wat die rol van Koning en Regter van die ganse mensdom vervul. Ten sterkste verwerp hy die gedagte dat tradisionele Afrikane die ware God geken en aanbid het.

Nyirongo gee ook aandag aan die Afrika-staat van die mens en Afrika se uiteindelike bestemming asook die Afrika siening van die gemeenskap. Volgens hom beskou die Afrika-gemeenskap die mens baie optimisties. Inherent is die mens nie 'n sondaar nie. Wanneer 'n mens 'n sonde begaan, is dit nie noodwendig gemik teen God nie, maar word eerder gesien as 'n oortreding teenoor die familie, gemeenskap of stam. Daarmee saam word veroordeling of aanvaarding nie van God gesoek nie, maar van die gemeenskap. Met betrekking tot die lewe na die dood, is die Afrika-mens nie besonder bang vir God se oordeel nie, maar wanneer die taboes en morele riglyne van die stam oortree word, word straf in die teenswoordige lewe verwag en nie in die hiernamaals nie. Straf word gesien in sake soos siekte, teëspoed, armoede, swak oeste, ensovoorts. Daar is ook nie sulke dinge soos die einde van die wêreld of toekomstige oordeel en die hel nie. Die wat goed was, gaan voort met hulle goeie dade as voorvadergeeste en die wat boos was, gaan voort as swerfgeeste. Nyirongo stel dit baie duidelik dat 'n sodanige siening sondig is, teenoor die Bybelse sienings van die mens staan en beheers word deur die gevalle adamitiese natuur.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services